Bylae A

**ALGEMENE KOMMERWEKKENDE KWESSIES WAT TYDENS DIE 2019 PROVINSIALE MODERERING VAN SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA) VIR GRAAD 12 GEÏDENTIFISEER IS**

| KOMMERWEKKENDE KWESSIES | AANBEVELINGS |
|---|---|
| 1. **Woordelikse gebruik van vorige vraestelle of voorbeelde** bedreig die integriteit van die formele SGA-take. | • Vorige jare se vraestelle is baie goeie hulpbronne en moet dus vir hersieningsdoeleindes gebruik word. As dit in toetse en eksamens gebruik word, met hierdie vorige vraestelle egter aangepas word en nie woordeliks gebruik word nie. |
| 2. **Nagebootste nasien**: waar dit duidelik is dat die moderator langs die onderwyser se punte 'n regmerkie maak sonder om sy/haar eie mening toe te pas. | • Interne moderering moet streng wees. Die prosesbenadering tot moderering moet tydens opleidingsessies bespreek word. Die moderering moet met 'n groen pen gedoen word. |
| 3. **Gebrek aan opbouende en ontwikkelende terugvoering** aan die onderwysers. | • Bewys van interne moderering moet die volgende insluit: die oorspronklike gemodereerde taak met korreksies in groen ink, die finale gekorrigeerde taak, bewys van gemodereerde leerders se werk en 'n modereringsverslag met bewys dat dit deur onderwysers bespreek is. |
| 4. **Kognitiewe rooster**: kognitiewe roosters vir 'n taak wat ontwikkel is, is nie ingesluit nie of is verkeerd ingevul. | • Onderwysers moet deur vakadviseurs en departementshoofde ondersteun word in die gebruik van gewigdraende roosters en kriteria om vrae op verskillende kognitiewe vlakke te klassifiseer.<br>• Gewigdraende roosters wat inhoud wat gedek is en kognitiewe vlakke aandui, moet vir elke taak ingesluit word. |
| 5. **Duplikasie van inhoud.** | • Assesserings moet in ooreenstemming met die KABV wees en onderwysers moet teen duplikasie van inhoud waak.<br>• Interne memorandumbesprekings moet gehou word by skole waar twee of meer as twee onderwysers dieselfde graad onderrig. |
| 6. **Punte nie aangepas** na interne moderering nie. | • As punte tydens moderering aangepas is, moet die aanpassing op die aantekeningsblaaie aangeteken word en 'n verslag opgestel word met die redes vir die aanpassing. Die vakhoof moet hierdie verslag bespreek met die vakonderwyser. |
| 7. **Onvoltooide en/of onakkurate nasienriglyne** wat dan ook nie konsekwent en akkuraat toegepas word nie. | • Departementshoofde en/of interne moderators moet toesien dat nasienriglyne via pre-assessesseringsmoderering alle moontlike antwoorde bevat.<br>• Nasienriglyne moet foutloos wees. As foute tydens moderering opgelet word, moet albei weergawes van die nasienriglyne in die onderwyserslêer beskikbaar gestel word vir modereringsdoeleindes. |